RELIGIESTUDIES

Beste Graad 12-leerder

Religiestudies is die studie van religie as 'n universele fenomeen en van religieë wat in 'n verskeidenheid kulture gevind word. Die vak lei tot die herkenning, begrip en waardering van 'n verskeidenheid religieë binne mede-menslikheid, in die konteks van 'n burgerlike begrip van religie en met 'n oog op die ontwikkeling van religieuse geletterdheid.

Vakvereistes

'n Handboek, 'n werkboek

Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n opsomming van die inhoud wat aangespreek moet word in Religiestudies. Maak seker dat jy al die onderwerpe in jou hersieningsprogram insluit.

1. Verskeidenheid van Religieë

- Konsepte: identiteit, uniekheid, eenheid, ooreenkoms, verskil en vergelykbaarheid met betrekking tot religieë
- Interne verskille binne 'n aantal religieë
- Unieke kenmerke van verskeie religieë
- Inter-religieuse verhoudings in Suid-Afrika, Afrika en internasionale gemeenskappe

2. Algemene eienskappe van religie as 'n generiese en unieke verskynsel

- Die rolle van leringe in 'n verskeidenheid religieë
- Die sentrale leer van een religie
- Mondelinge, geskrewe en kontemporêre bronne in verskeie religieë
- Normatiewe bronne of tradisies in een religie
- Sekulêre wêreldbeskouings

3. Aktuele aangeleenthede in die samelewing

- Religieuse vryheid, menseregte en verantwoordelikhede in verskillende religieë
- Strategieë om oplossings te soek vir groot sosiale probleme
- Die rol van die media met verwysing na religie

4. Navorsing oor religie en oor religieë heen

- Religie in areas van onlangse konflik in Suid-Afrika, Afrika en oor die wêreld: identifiseer en ontleed twee of drie areas van onlangse konflik. Bepaal of religie deel is van die oorsaak of van die oplossing
- Religie en die natuurwetenskappe: ondersoek die verhouding tussen religie en die natuurlike wetenskappe met verwysing na sieninge van die skepping en evolusie
- Spesialisering in een religie

Assessering

Die assessering bestaan uit twee dele:

Skoolgebaseerde assessering beslaan 25% van die totaal. Dit word verkry deur:

- 1 toets **100 punte**
- 2 eksamens **300 punte elk**
- 2 geskrewe take: **100 punte elk**
  - Brongebaseerd
  - Projek

Die finale eksterne eksamen beslaan 75% van die totaal

- Die eksamen bestaan uit 2 vraestelle van 2 uur lank. Elke vraestel tel 150 punte, d.i. **2 X 150 = 300 punte**

Finale Eksamen

GRAAD 12 VRAESTEL 1 (150 punte): ONDERWERPE OM TE DEK		
1	**Verskillende gelowe**	• Konseptuele verskille • Unieke eienskappe van verskillende gelowe
2	**Gemeenskaplike kenmerke van geloof**	• Religieuse leringe
3	**Hedendaagse gemeenskapsk-wessies**	• Die rol van media in die beinvloeding van publieke opinie oor geloof
4	**Navorsing in en oor gelowe**	• Gelowe in areas van konflik in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld

Eksamineerbare onderwerpe van Graad 10 en 11 in Graad 12

GRAAD 12 VRAESTEL 1
Hoofdimensies gemeenskaplik tot alle gelowe (van Gr 10)

GRAAD 12 VRAESTEL 2 (150 punte): ONDERWERPE OM TE DEK		
1	**Verskillende gelowe**	• Intern tot verskille in gelowe • Hoofkenmerke van sulke verskille • Geskiedenis en huidge dinamika van inter-geloofsverhoudings
2	**Gemeenskaplike kenmerke van geloof**	• Die sentrale leringe in een geloof • Normatiewe bronne in verskillende gelowe • Die interpretasie van een normatiewe bron • Analise van sekulêre wêreldbeskouings • Die oorsprong, doel en beïnvloedende faktore van ten minste twee wêreldbeskouings
3	**Hedendaagse gemeenskapsk-wessies**	• Die ontwikkeling van 'n strategie om 'n kern maatskaplike probleem op te los
4	**Navorsing in en oor gelowe**	• Geloof en die Natuurwetenskappe

Eksamineerbare onderwerpe van Graad 10 en 11 in Graad 12

GRAAD 12 VRAESTEL 2
Geloof en die Straat (vanaf Gr 11)
Tipies rituele en hulle rolle (vanaf Gr 11)

Wenke vir sukses

- Religiestudies sluit baie selfstudie in. Lees soveel bronne as moontlik.
- Vir die eksamen moet jy fokus op die ondersoek van 'n reeks bronne om sodoende verskillende religieë te kan vergelyk en om generiese kwessies met betrekking tot religieë te analiseer en te interpreteer.
- Maak seker dat jy jou kennis van Religiestudies in enige gevallestudie of voorbeeld kan toepas wat in die vraestelle gebruik word.